


**<u>WEEK 4: 17-23 Junie (dag 22-28)</u>**

**<u>DAG 22 (17 Junie)</u>**

**Matteus 9:38 "**Bid dan die Here aan wie die oes behoort om arbeiders uit te stuur vir sy oes."

*God het van die begin af beplan om mense as verteenwoordigers (Genesis 1:27), medewerkers betrokke te kry by die uitbou van sy skepping en koninkryk. Hy roep en stuur mense dwarsdeur die wêreld om draers te wees van hierdie koninkryk.*

**Gebed vir dag 22**: "Here, gebruik my as draer en verteenwoordiger van u Koninkryk... "

**<u>DAG 23 (18 Junie)</u>**

**Romeine 8:27** "En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir al die gelowiges."

*As medewerkers van God hier op aarde, is ons nie oorgelaat of uitgelewer aan net ons eie besluite en keuses nie. God is steeds volledig betrokke in ons lewens, en as ons hierdie vers reg verstaan, dan pleit die Gees vir ons. Dit is God in ons wat vir ons pleit, ons kant vat, in ons werk.*

**Gebed vir dag 23:** "Dankie, Gees van God, dat U vir my pleit by die Vader …"

**<u>DAG 24 (19 Junie)</u>**

**Filippense 2:12b-13** "Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer."

*Watter verskil maak God in die wêreld? Ons kan weet dat God binne-in ons werk om deur ons 'n verskil te maak. En dit is waar gebed inkom, omdat dit die kanaal is waardeur God in ons werk en die kanaal waarvan ek afhanklik is om enige iets te doen, waardeur God my gewillig en bekwaam wil maak.*

**Gebed vir dag 24:** "Here, hou aan om in my te werk, om my gewillig en bekwaam te maak ..."

**<u>DAG 25 (20 Junie)</u>**

**Efesiërs 6:12,18** "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug... Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees."

*As gelowiges kan ons glo dat gebed die kragtigste wapen is wat ons het. Ons gebede kan 'n verskil maak in die lewens van mense dwarsdeur die wêreld. Maar dit is meer as dit, met gebed staan ons die bose en die bose se magte op alle vlakke in die lewe doelbewus teen.*

**Gebed vir dag 25:** Here, werk kragtig deur u Gees in my lewe, teen die bose in en rondom my...

**DAG 26 (21 Junie)**

**Jakobus 4:3** "Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. As julle bid, ontvang julle nie , omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."

*Gebed was nooit bedoel om 'n selfsugtige self-bevredigings oefening te wees wat draai om my behoeftes en begeertes met die bedoeling om my drome waar te maak nie. In gebed staan ons voor God met ons nood, maar ook met die nood van almal en alles rondom ons. Met gebed versterk ons eintlik ons hande en voete om 'n verskil in ons wêrelde te maak.*

**Gebed vir dag 26:** Here, vergewe al my selfsugtige gebede wat net om myself draai ...

**DAG 27 (22 Junie)**

**1 Petrus 3:12** "Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep..."

*Dwarsdeur die Bybel lees ons dat mense God raak – positief en negatief. Hy staan nie hande-gevou onbetrokke nie, maar gee werklik om. Die NT wil vir ons vertel dat ons gebede 'n verskil maak aan God en aan ons wêrelde. Hy luister en hoor en gee en nooi ons uit om te vra en te soek.*

**Gebed vir dag 27:** Here, dankie dat ons mag kom bid en dat U ons ernstig opneem...

**DAG 28 (23 Junie)**

**Johannes 17:15** "Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die bose moet bewaar."

*Jesus verstaan baie goed dat ons lewe op aarde vol uitdaging en versoekings is en dat ons gereeld voor moeilike keuses staan. Jesus erken dat die bose in die wêreld is met die plan om ons verhouding met God te vernietig en daarom bid Hy vir ons beskerming.*

**Gebed vir dag 28:** Here, lei ons nie in die versoeking nie, maar verlos ons van die bose...

**VIR KLEINGROEPE**

**Gaan as groep weer saam deur al 7 dae (hierbo) en praat saam oor die volgende:**

- *Gesels oor Karl Barth se stelling: To clasp the hands in prayer is the beginning of an uprising against the disorder of the world." Watter verskil dink julle maak ons gebede werklik hierin?*
- Hoe help gebed in ons stryd teen die bose?
- Wat is die een ding wat jy in hierdie week leer oor gebed?
- Watter Skrifgedeelte van hierdie week kan jou hiermee help?

- **Bid nou op die patroon van die 7 dae van hierdie week (dag 22-28)**.